# St. Thomas, die Apostel

## 3 Julie



Thomas was een van die Twaalf Dissipels en sy naam kom voor in al vier Evangelies. Reeds eeue lank staan hy bekend as Thomas die Ongelowige omdat hy daaraan getwyfel het of die Here Jesus waarlik uit die dood opgestaan het (Joh 20:24-28). Toe hy egter die opgestane Here ontmoet lewer hy een van die belangrikste belydenisse in die hele Nuwe Testament met sy woorde: “My Here en my God!” Ons twyfels en vrae oor geloof en God moet ons nie ongerus maak nie, dit is alles deel van ons menslike beperktheid en onvermoë om alles te verstaan. Dieselfde ‘ongelowige’ Thomas het volgens oorlewering later die Evangelie tot sover as Indië gaan verkondig waar hy uiteindelik sy lewe vir sy geloof in Jesus Christus opgeoffer het.

© Die Oratorium Uitgewery